# Evangelisme

## Geloof deur die Woord van Christus

**(Rom 10:1)** Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word,

**(Rom 10:2)** want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, maar sonder die regte insig.

**(Rom 10:3)** Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Hulle wil niks van God se manier van vryspraak weet nie; hulle probeer dit op hulle eie manier kry.

**(Rom 10:4)** Christus is tog die einde van die wet, sodat elkeen wat glo, vrygespreek kan word.

**(Rom 10:5)** Moses skryf naamlik van die vryspraak op grond van wetsonderhouding dat die mens wat doen wat die wet beveel, daardeur sal lewe.
**(Rom 10:6)** Maar van die vryspraak deur die geloof sê hy: “Moenie by jouself sê: ‘Wie sal na die hemel toe opklim?’ nie,” dit is, om Christus af te bring,
**(Rom 10:7)** “of: ‘Wie sal na die onderaardse diepte toe afdaal?’ nie,” dit is, om Christus uit die dood terug te bring.

**(Rom 10:8)** Nee, die Skrif sê: “Naby jou is die woord, in jou mond en in jou hart.” En hierdie woord is die boodskap van die geloof, en dit is wat ons verkondig:
**(Rom 10:9)** As jy met jou mond bely dat Jesus die Here is, en met jou hart glo dat God Hom uit die dood opgewek het, sal jy gered word.
**(Rom 10:10)** Met die hart glo ons, en ons word vrygespreek; en met die mond bely ons, en ons word gered.

**(Rom 10:11)** Die Skrif sê tog: “Niemand wat in Hom glo, sal teleurgestel word nie.”
**(Rom 10:12)** “Niemand nie!” Dit maak dus geen verskil of 'n mens 'n Jood of 'n Griek is nie, want dieselfde Here is Here van almal, en Hy seën almal wat Hom aanroep, ryklik,
**(Rom 10:13)** want elkeen wat die Naam van die Here aanroep, sal gered word.

**(Rom 10:14)** Maar hoe kan 'n mens Hom aanroep as jy nie in Hom glo nie? En hoe kan jy in Hom glo as jy nie van Hom gehoor het nie? En hoe kan jy van Hom hoor sonder iemand wat preek?
**(Rom 10:15)** En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: “Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring.”

**(Rom 10:16)** Die Israeliete het egter nie almal aan die goeie boodskap gehoor gegee nie. Jesaja sê immers: “Here, wie het die prediking geglo wat ons gehoor het?”
**(Rom 10:17)** Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, is die verkondiging van Christus.

**(Rom 10:15)** En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: “Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat die goeie boodskap bring.”

**(Matt 9:37)** Hy sê toe vir sy dissipels: “Die oes is groot, maar die arbeiders min.

**(Matt 9:38)** Bid dan die Here aan wie die oes behoort, om arbeiders uit te stuur vir sy oes.”

# Geloof deur die Woord van Christus.

1. **As die Liggaam van Christus is ons almal gestuur om die goeie nuus van die evangelie in die wereld in te dra.**

**(Rom 10:15)** En hoe kan iemand preek as hy nie gestuur is nie? Daar staan ook geskrywe: “Hoe wonderlik klink die voetstappe van dié wat **die goeie boodskap bring**.”

**(Rom 10:17)** Die geloof kom dus deur die prediking wat 'n mens hoor, en die prediking wat ons hoor, **is die verkondiging van Christus.**

**(Rom 10:1)** Broers, my hartewens en my gebed tot God vir my volk is dat hulle gered word,

**(Rom 10:2)** want ek kan van hulle getuig dat hulle vol ywer vir God is, **maar sonder die regte insig**.

**(Rom 10:3)** Hulle het hulle nie gesteur aan die manier waarop God mense vryspreek nie. Hulle wil niks van God se manier van vryspraak weet nie; **hulle probeer dit op hulle eie manier kry.**

# Geloof deur die Woord van Christus.

1. **As die Liggaam van Christus is ons almal gestuur om die goeie nuus van die evangelie in die wêreld in te dra**
2. **Die Boodskap wat ons dra is die Goeie nuus van wie Jesus is en wat Hy kom doen het, nie net vir ons nie maar vir almal.**